Die vraestel was op 'n aanvaarbare standaard.

Die Veelkeusevrae is in die algemeen goed beantwoord. By die langvrae is dié wat 'n verduidelikende sin of twee geverg het, weereens dikwels swak beantwoord. In vraag 2.1.1byvoorbeeld het kandidate onvolledige antwoorde soos '…dit het 'n laer kookpunt' gegee, instede daarvan om duidelik te meld dat: 'metanol 'n laer kookpunt het.' Hierdie selfde probleem het ook op ander plekke in die vraestel voorgekom (vraag 2.1, 2-1.3; 2.2.4; & 3.2). Soos voorheen het sommige kandidate in die berekening waar pV = nRT gebruik word, nagelaat om die korrekte eenhede van volume & druk te gebruik.
In vrae 3 & 4, waarin afdelings van Graad 11 (Anorganies) en Graad 12 (Redoks & Elektrochemie) saamgevoeg is, is halfreaksies nie volgens die voorskrifte van die Riglyndokument (wat duidelik aantoon hoe pyle gebruik moet word) geskryf nie. Hierdie verwarring oor die gebruik van pyle was ook in vraag 8 duidelik.

As 'n algemene opmerking kan gesê word dat opvoeders hulself van die inhoud van die Riglyndokument moet vergewis wanneer hulle kandidate voorberei vir die eindeksamen.

Vrae 4.1 & 4.5, wat nywerheidsprosesse behels, is in die algemeen swak beantwoord.

In vraag 5.1.1 was relatief min kandidate in staat om 'n volledige en aanvaarbare antwoord te gee.

Eerstens was hulle nie in staat om die regte halfreaksie (met H^+) te identifiseer nie. Hulle was ook geneig om in baie algemene terme oor stowwe se oksidasie-/reduksievermoë te praat. In baie gevalle het kandidate verkeerdelik die sulfaatioon (SO_4^{2-}) as deelnemer in die reaksie geïdentifiseer, alhoewel die vraag duidelik waterstof as een van die gevormde produkte aandui. 'n Algemene probleem hier en op ander plekke in die vraestel was dat kandidate dikwels te veel (irrelevante) inligting geskryf het, terwyl slegs 'n kort sin vereis is.

Vraag 6.1 was 'n relatief maklike ewewigskonstante-berekening, en kandidate het oor die algemeen ook goed in die res van hierdie vraag gepresteer.

Vraag 7 het die D-vlak probleem (7.3) bevat, wat deur baie kandidate goed beantwoord is.

Die algemene prestasie in vraag 8 was egter teleurstellend, gegewe die feit dat kandidate van al die nodige inligting om die vraag te beantwoord, voorsien is. Dit is moontlik omdat baie kandidate nie 'n deeglik begrip van Tabelle 4a & b het nie.

Vraag 9 (Organiese Chemie) is goed beantwoord.

Die onvermoë van kandidate om korrekte formules (en gebalanseerde vergelykings) in vraag 3.1; 3.7; 7.2.3 & 9.1.2 neer te skryf, is kommerwekkend, aangesien dit dui op tekortkominge in wat duidelik baie basiese chemiebegrippe op hierdie vlak is.